Boshoff Visser / PSG Gebalanseerde Inkomste Portefeulje:

Boshoff Visser Finansiële Dienste in samewerking met PSG Konsult bestuur reeds die afgelope ses jaar ‘n baie unieke portefeulje vir kliënte. Hierdie portefeulje se filosofie is om die mark direk te betree en soveel kostes as moontlik te bespaar. Verder fokus die portefeulje op inkomste in die vorm van dividend en huur ontvangstes wat dit geskik maak vir lae risiko beleggers sowel as afgetredenes wat inkomste verlang. Die beleggingsdoelwitte van die inkomste portefeulje is om die belegger ‘n mededingende aanvanklike na-belaste inkomste te bied en hierdie inkomstestroom moet ‘n groeiende tendens toon oor tyd. Dit beteken dat die reële koopkrag (waarde van geld nadat inflasie in ag geneem is) van die belegger beskerm word. Hierdie inkomste kan gereeld aan die belegger uitbetaal word of herbelê word.

Die fonds belê in al die bateklasse, naamlik aandele, genoteerde eiendomstrusts, voorkeuraandele en rentedraende beleggings. In die samestelling van die fonds word die vooruitsigte van al die bateklasse in ag geneem. Nadat ‘n bate allokasie gedoen is word die individuele maatskappye geselekteer op grond van hulle kontantvloei en dividend vooruitsigte. Alhoewel die portefeulje oorwegend op inkomste verdien fokus, word die volatiliteit (verskil in waarde van die belegging) aktief bestuur. Bate allokasie is ‘n belangrike oorweging in die bestuursproses.

Die afgelope 5 jaar het die portefeulje ‘n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 10,99% na kostes gelewer. Geldmark het oor dieselfde tydperk gemiddeld 8,58% per jaar gelewer. Indien die opbrengste oor ‘n 5 jaar tydperk saamgestel word sal ‘n R100 000.00 belegging nou as volg gelyk het:

	Jaarlikse Opbrengs	R100 000.00 na 5 jaar
Geldmark	8.58%	R 150,920.83
Boshoff Visser / PSG	10.99%	R 168,429.92

* Syfers tot 31/12/2008

Die afgelope 12 maande het die beurs skerp gedaal en is dividend uitbetalings in baie gevalle verlaag of gestaak. Voorkeuraandele en eiendom, wat ongeveer 62% van ons portefeulje uitmaak, het steeds gesorg vir sterk inkomstestrome wat belastingeffektief is. Alle eiendomstrusts waarin ons belê se inkomstebetalings het gegroei in 2008.

Die volgende tabel vergelyk ons portefeulje met die indeks van alle aandele die laaste 12 maande:

	Punte op 01/01/2008	Punte op 31/12/2008	Opbrengs vir die jaar
Indeks van alle aandele	28957.97	21509.2	-25.72%
Boshoff Visser / PSG	2221.46	2007.78	-9.62%

*Syfers tot 31/12/2008

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com